

E Snyman

---

# Ontwikkeling in die Amerikaanse vennootskapswetgewing: Die aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap as 'n nuwe ondernemingsvorm

## Opsomming

Dat die Amerikaanse ondernemingsreg in 'n voortdurende proses van ontwikkeling is, blyk uit die hersiening van die gewone vennootskapsreg sedert 1986 en die invoering van die aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap (LLP). Die LLP het ontwikkel in reaksie op die pogings van die versekeringsbedryf om prokureurs en ouditeurs aanspreeklik te hou vir spaar- en leningsverenigings wat faal. Die gedagte dat elke vennoot in 'n prokureurs- of ouditeursfirma blootgestel is aan miljoene dollars in aanspreeklikheid, het die behoefte aan 'n beperking op die middelike aanspreeklikheid van vennote laat ontstaan. Die aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap is vir hierdie doel ontwikkel. Teen 1996 het meer as veertig state reeds aanspreeklikheidsbeperkte vennootskapsmaatreëls in hul vennootskapswetgewing aanvaar. Die algemene beginsels wat deur die state aanvaar is, is dat in 'n aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap die gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van sommige of al die vennote sal beperk of uitsluit vir sommige of al die verpligtinge en aanspreeklikhede van die vennootskap. Die bepalinge wat tot die *Uniform Partnership Act 1997* gevoeg is rakende aanspreeklikheidsbeperkte vennootskappe handel hoofsaaklik oor vier aspekte, naamlik (i) die omvang van die beperking op die vennoot se aanspreeklikheid; (ii) die vereistes rakende stemming om 'n aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap op te rig; (iii) die uitwerking van die oprigting van 'n aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap op die vennootskapsooreenkoms; en (iv) die jaarlikse registrasie of liasseringsvereiste.

## The limited liability partnership in the USA: core aspects to be considered for the development of South African business law

The fact that American corporate law is in a constant process of development, is clear from, firstly, the revision of their normal law of partnership since 1986, and, secondly, the incorporation of the limited liability partnership (LLP). The LLP developed as a result of attempts by the insurance industry to impart liability to attorneys and auditors when savings and loan societies collapse. The idea of a partner in a law or audit firm being liable for millions of dollars, created the need to limit the vicarious liability of partners. The limited liability partnership was created to this end. By 1996, more than 40 states had accepted limited liability partnership provisions into their partnership legislation. The general principle accepted by these states, is that a LLP could limit or exclude the joint and several liability of some or all of the partners for some or all of the duties or liabilities of that partnership. The provisions incorporated into the *Uniform Partnership Act* of 1997, regarding limited liability partnerships, deal chiefly with four aspects, namely (i) the extent of the limitations of a partner's liability; (ii) the voting requirements of establishing a limited liability partnership; (iii) the effect of establishment of an LLP on the partnership agreement; and (iv) the requirements of annual registration or filing.

*E Snyman, Sentrum vir Ondernemingsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.*

## 1. Inleiding

Hoewel die aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap<sup>1</sup> (*limited liability partnership*) nie slegs 'n Amerikaanse ontwikkeling is nie,<sup>2</sup> val die klem in hierdie bydrae op die Amerikaanse vennootskapswetgewing veral in die lig van die herhaalde oproepe vir die hersiening van die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg deur die invoering van 'n moderne vennootskapswet. Die Amerikaanse ondernemingsreg is in 'n voortdurende proses van ontwikkeling en die *National Conference of Commissioners on Uniform State Laws (NCCUSL)* is sedert 1986 in 'n proses om die gewone vennootskapsreg te hervorm. 'n Konsep-*Revised Uniform Partnership Act* het in 1989 verskyn, waarna telkens na die vergadering van die *NCCUSL* 'n hersiene weergawe (1992, 1993, 1994, 1995 en 1997) verskyn het.<sup>3</sup>

## 2. Invoering van die LLP

Die eerste LLP wetgewing is in 1991 in Texas ingevoer.<sup>4</sup> Dit het ontwikkel in reaksie op die pogings van die versekeringsbedryf om prokureurs en ouditeurs aanspreeklik te hou vir spaar- en leningsverenigings wat faal. Die gedagte dat elke vennoot in 'n prokureurs- of ouditeursfirma blootgestel is aan miljoene dollars in aanspreeklikheid, het die behoefte aan 'n beperking op die middelike aanspreeklikheid van vennote laat ontstaan. Die LLP is vir hierdie doel ontwikkel.<sup>5</sup> Hierdie wetgewing het aanvanklik bepaal dat slegs gelisensieerde professionele persone die LLP kan gebruik en die LLP is gesien as die mees voordelige alternatief vir professionele firmas.<sup>6</sup> Sommige state bepaal steeds dat die LLP slegs vir professionele firmas beskikbaar is.<sup>7</sup> Dit moet ook in ag geneem word dat die professionele kodes en wetgewing steeds op die professionele persone van toepassing is en so byvoorbeeld kan prokureurs en ouditeurs nie in Alabama saam praktiseer nie.<sup>8</sup>

Die LLP kan dien as 'n skild om die persoonlike bates van professionele persone soos dokters, ouditeurs en prokureurs te beskerm teen eise van kliënte wat voortspruit uit die nalatigheid van 'n mede-vennoot.<sup>9</sup> 'n Vennoot word slegs aanspreeklik gehou vir skade wat spruit uit sy eie nalatigheid en middelike aanspreeklikheid word derhalwe uitgesluit.<sup>10</sup>

---

1 Hierna "LLP" genoem.

2 Sien byvoorbeeld Morris en Stevenson 1997:538-551 ten aansien van die ontwikkeling van die LLP in Jersey; Freedman en Finch 1997:387-423 en Sheikh 1997:270-277 ten aansien van die LLP in Engeland.

3 Sien Keatinge *et al* 1995:147-149; Henning en Snyman 1997:685-687.

4 Anoniem 1994:8; Hamilton 1995:1065; Hamilton 1998:29 en 37; Hillman *et al* 1996:301.

5 Hamilton 1995:1065 en 1069-1071; Hamilton 1998:36-37; Hillman *et al* 1996:301; Goforth 1996:1141-1142; McGaughey 1996:108; McWilliams 1998:359.

6 Anoniem 1994:8.

7 Keatinge *et al* 1995:174; McGaughey 1996:128.

8 McLain 1997:242; sien ook McWilliams 1998:368-369.

9 Bader en Hauff 1996:561; Bryans en Shields 1995:81; Goforth 1996:1140, 1151 en 1174; Hamilton 1995:1065.

10 Brown 1995:59; Bryans en Shields 1995:82 en 89; Goforth 1996:1143.

Die LLP se grootste voordeel is dat dit die buigsaamheid van 'n gewone vennootskap bied. Die eienaars/vennote kan deelneem aan die bestuur van die vennootskap, maar steeds beperkte aanspreeklikheid geniet. Oprigting is eenvouding en die koste daarvan is ook minimaal.<sup>11</sup>

Verdere redes wat die invoering van die LLP genoodsaak het, was die ontevredenheid met die korporatiewe belastingstelsel, die sogenaamde "Subchapter S"-belastingsbeperkings en algemene ontevredenheid met die ondernemingsreg wat die behoefte laat ontstaan het aan 'n vennootskapsvorm van organisasie met korporatiewe beperkte aanspreeklikheid tog steeds met die belastingseienskappe van 'n vennootskap.<sup>12</sup> Indien die LLP as 'n vennootskap belas wil word, moet twee van die volgende vier kenmerke by die LLP ontbreek, naamlik beperkte aanspreeklikheid; gesentraliseerde bestuur; vrye oordrag van belange; en voortdurende bestaan.<sup>13</sup>

Op die stadium van die aanvanklike aanvaarding van die eerste hersiene vennootskapswet, die *Uniform Partnership Act* 1992, het slegs twee state reeds LLP wetgewing aanvaar. Die gewildheid van hierdie tipe vennootskap het egter toegeneem en in 1996 het sewe-en-veertig state<sup>14</sup> reeds LLP maatreëls in hul vennootskapswetgewing aangeneem.<sup>15</sup> Teen 1997 het al die state,<sup>16</sup> behalwe Vermont en Wyoming, LLP wetgewing aanvaar.<sup>17</sup> Die algemene beginsels wat deur die state aanvaar is, is dat in 'n LLP die gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van sommige of al die vennote sal beperk of uitsluit vir sommige of al die verpligtinge en aanspreeklikhede van die vennootskap.<sup>18</sup> Vir doeleindes anders as gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid, maak die wetgewing meestal daarvoor voorsiening dat die LLP 'n gewone vennootskap ingevolge die *Uniform Partnership Act* 1914 of *Uniform Partnership Act* 1993 of 1995 (op daardie stadium) is.<sup>19</sup> Tog was die LLP wetgewing van die onderskeie state verwarrend en nie konsekwent ten aansien van die korporatiewe, gewone en beperkte vennootskapsreg en -wette nie.<sup>20</sup> Die LLP wetgewing het hoofsaaklik die *Uniform Partnership Act* 1914 gewysig eerder as die *Uniform Partnership Act* 1992, 1994 of 1995, hoewel die

---

11 Bader en Hauff 1996:558.

12 Bader en Hauff 1996:557; Bishop 1997:101; Brown 1995:59; sien ook Bishop 1995a:989-993.

13 Bader en Hauff 1996:559.

14 Sien Bader en Hauff 1996:556 voetnota 2 vir 'n volledige lys van die state en die datum van invoering van die wetgewing.

15 Bader en Hauff 1996:556; Bryans en Shields 1995:79; Hillman *et al* 1996:301.

16 Vir 'n volledige lys van die wetgewing, state en datum van invoering sien Bishop 1997:102 voetnota 4.

17 Bishop 1997:102; volgens Goforth 1996:1142 het slegs twee state teen 1997 nie LLP wetgewing aanvaar nie, naamlik Arkansas en Wyoming.

18 Hamilton 1995:1067; Hillman *et al* 1996:301; Pierce en Levey 1997:55.

19 Hillman *et al* 1996:301.

20 Bishop 1997:102; Goforth 1997:1149.

meeste state die hersiene *Uniform Partnership* 1992, 1994 of 1995 aanvaar het.<sup>21</sup> Ook die beperking op aanspreeklikheid, die aard en omvang daarvan en die prosedures om beperkte aanspreeklikheid te verkry, het baie tussen die onderskeie state verskil.<sup>22</sup>

Dit het derhalwe die *NCCUSL* genoodsaak om in 1995 'n komitee aan te stel om bepalings op te stel om by die *Uniform Partnership Act* 1995 te voeg waardeur voorsiening gemaak word vir hierdie nuwe vorm van die gewone vennootskap, die LLP. Die aanvaarding van die bepalings oor LLPs in die *Uniform Partnership Act* 1997 is gedurende die 1996-algemene vergadering van die *NCCUSL* aanvaar.<sup>23</sup>

Die bepalings wat tot die *Uniform Partnership Act* 1997 gevoeg is rakende LLPs handel hoofsaaklik oor vier aspekte,<sup>24</sup> naamlik die omvang van die beperking op die vennoot se aanspreeklikheid;<sup>25</sup> die vereistes rakende stemming om 'n LLP op te rig;<sup>26</sup> die uitwerking van die oprigting van 'n LLP op die vennootskapsooreenkoms;<sup>27</sup> en die jaarlikse registrasie of liasseringsvereiste.<sup>28</sup>

Die Amerikaanse Binnelandse Belastingdiens<sup>29</sup> ("*Internal Revenue Service*" of "*IRS*") beskou LLPs of aanspreeklikheidsbeperkte maatskappye<sup>30</sup> ("*limited liability companies*" of "*LLC*") wat na 1 Januarie 1997 opgerig is as vennootskappe.<sup>31</sup> Die *IRS* laat ook toe dat eienaars van LLPs en LLCs belasting op hulself as werknemers ten aansien van hul verdeelbare aandeel in die inkomste te vermy.<sup>32</sup>

### 3. Omskrywing

Artikel 101(5) van die *Uniform Partnership Act* 1997 omskryf 'n LLP as 'n vennootskap wat 'n verklaring van kwalifikasie geliasseer het en wat nie beskik oor 'n soortgelyke verklaring wat binne die jurisdiksie van 'n ander staat van krag is nie.<sup>33</sup>

---

21 Bishop 1997:103; sien ook Bishop 1995:51.

22 Bishop 1997:103.

23 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:9; Goforth 1996:1143.

24 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:9.

25 *Uniform Partnership Act* 1997 a 306(c) en 401(c); Goforth 1996:1143.

26 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(b).

27 *Uniform Partnership Act* 1997 a 103(b), 306(c); 401, 405, 807(f).

28 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1003(b) en (e).

29 Hierna "*IRS*" genoem.

30 Hierna "*LLC*" genoem.

31 Bishop 1997:103.

32 Bishop 1997:104.

33 *Uniform Partnership Act* 1997 a 101(5):

"Limited liability partnership" means a partnership that has filed a statement of qualification under Section 1001 and does not have a similar statement in effect in any other jurisdiction. Bishop 1997:108.

Die verwysing na vennootskap in die definisie van die LLP is uitdruklik na die gewone vennootskap<sup>34</sup> en dit is derhalwe duidelik dat die *Uniform Partnership Act 1997* se omskrywing van vennootskap ook van toepassing op hierdie bepaalde tipe vennootskap is. Die LLP word dus nie beheers deur die *Uniform Partnership Act 1914* nie, maar in geheel deur die *Uniform Partnership Act 1997*.<sup>35</sup>

Die LLP word dus ingesluit by die algemene omskrywing van 'n gewone vennootskap<sup>36</sup> as 'n vereniging van twee of meer persone wat as mede-eienaars 'n besigheid bedryf met die oog op die maak van wins<sup>37</sup> welke vennootskap opgerig is in terme van artikel 202,<sup>38</sup> voorafgaande wetgewing of soortgelyke wetgewing van ander jurisdiksies. Die LLP is derhalwe steeds 'n gewone vennootskap ten spyte van die beperkte aanspreeklikheid.<sup>39</sup> Die uniekheid is daarin geleë dat die vennote persoonlike aanspreeklikheid kan vermy ten aansien van eise wat nie deur die vennootskapsboedel gedek kan word nie.<sup>40</sup>

#### 4. Wisselwerking tussen die UPA 1997, die ULPA en die RULPA

Artikel 202(b) van die *Uniform Partnership Act 1997* bepaal dat enige vereniging wat opgerig is ingevolge van enige ander wetgewing as die *Uniform Partnership Act*, enige voorafgaande wetgewing of soortgelyke wetgewing van ander jurisdiksies, nie 'n vennootskap ingevolge die *Uniform Partnership Act 1997* is nie. Hierdie bepaling sluit dus 'n beperkte vennootskap opgerig in terme van die *Uniform Limited Partnership Act of Revised Uniform Limited Partnership Act* uit en 'n beperkte vennootskap is dus nie 'n gewone vennootskap nie. Die oogmerk van hierdie bepaling was egter nie om die toepassing van enige gewone vennootskapsregtelike reëls van die *Uniform Partnership Act 1997* op die beperkte vennootskap totaal uit te sluit waar die beperkte vennootskapsreg hierdie reëls aanvaar nie.<sup>41</sup> Die uitwerking van hierdie definisies is dat die omvang en die toepassing van die *Uniform Partnership Act 1997* op die beperkte vennootskap aan die beperkte vennootskapsreg gelaat word, maar dat die verbintenis tussen die

---

34 Goforth 1996:1144.

35 *Uniform Partnership Act 1997 Comment*:14; Bishop 1997:108.

36 *Uniform Partnership Act 1997* a 101(6):

“Partnership” means an association of two or more persons to carry on as co-owners a business for profit formed under Section 202, predecessor law, or comparable law of another jurisdiction.

37 Hamilton 1998:28.

38 *Uniform Partnership Act 1997* a 202(a):

Except as otherwise provided in subsection (b), the association of two or more persons to carry on as co-owners a business for profit forms a partnership, whether or not the persons intend to form a partnership.

39 Hamilton 1998:28; Hillman *et al* 1996:301.

40 Hamilton 1998:28.

41 *Uniform Partnership Act 1997 Comment*:14.

onderskeie twee wette nie in geheel verbreek word nie.<sup>42</sup> Sekere bepalings van die *Uniform Partnership Act* 1997 sal derhalwe steeds van toepassing wees op die beperkte vennootskappe in terme van die bepalings van die *Revised Limited Partnership Act*.<sup>43</sup> Die reëlings ten aansien van die LLP sal dus aanwending vind op beperkte vennootskappe vir daardie aangeleenthede waarvoor die *Revised Limited Partnership Act* nie voorsiening maak nie. Aangesien die *Revised Limited Partnership Act* nie voorsiening maak vir 'n beperkte vennootskap wat 'n LLP word nie, sal die reëls ten aansien van LLP toepassing vind op daardie beperkte vennootskappe wat 'n verklaring van kwalifikasie liasseer.<sup>44</sup>

## 5. Oprigting

Artikel 1001(b) van die *Uniform Partnership Act* 1997 bepaal dat 'n vennootskap omskep word in 'n LLP deur eerstens die aanvaarding van die bepalings en voorwaardes om die vennootskap tot 'n LLP te omskep deur die stemming nodig om die vennootskapsooreenkoms te wysig soos nodig.<sup>45</sup> Tweedens moet 'n verklaring van kwalifikasie geliasseer word<sup>46</sup> en derdens moet aan die naamvereistes in terme van artikel 1002 van die *Uniform Partnership Act* 1997 voldoen word, naamlik dat die naam van die LLP moet eindig met die woorde "Registered Limited Liability Partnership", "Limited Liability Partnership", "R.L.L.P.", "L.L.P.", "RLLP" of "LLP".<sup>47</sup> Die LLP bly dieselfde entiteit wat bestaan het voor die liassering van die verklaring van kwalifikasie.<sup>48</sup>

Die verklaring van kwalifikasie wat geliasseer moet word, moet die volgende inligting bevat:<sup>49</sup> die naam van die vennootskap,<sup>50</sup> die straatadres van die vennootskap se hoofkantoor en indien dit verskil, ook die straatadres van die vennootskap se verteenwoordiger in die staat waar die vennootskap geregistreer word;<sup>51</sup> indien die vennootskap nie 'n kantoor in die staat van

---

42 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

43 *Revised Uniform Limited Partnership Act* a 1105:

... in any case not provided for in this [Act] the provisions of the Uniform Partnership Act govern.

44 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

45 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(b); Bishop 1997:104; McGaughey 1996:111.

46 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c); Bishop 1997:104; Bryans en Shields 1995:83; Goforth 1996:1145; Keatinge *et al* 1995:161; McGaughey 1996:111; McWilliams 1998:367.

47 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002; Bader en Hauff 1996:575; Bishop 1997:106; Bryans en Shields 1995:83; Keatinge *et al* 1995:170-171.

48 *Uniform Partnership Act* 1997 a 107(b) Bader en Hauff 1996:559; Bryans en Shields 1995:80.

49 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c):

After the approval required by subsection (b), a partnership may become a limited liability partnership by filing a statement of qualification.

50 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(1); Bishop 1997:105; Bryans en Shields 1995:83; Goforth 1996:1146; Keatinge *et al* 1995:164; McGaughey 1996:111.

51 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(2); Bishop 1997:105; Bryans en Shields 1995:83; Goforth 1996:1146; Keatinge *et al* 1995:164; McGaughey 1996:111.

registrasie het nie, moet die naam en straatadres van die verteenwoordiger vir doeleindes van betekening verskaf word;<sup>52</sup> 'n verklaring dat die vennootskap gestem om 'n LLP te word;<sup>53</sup> en die uitgestelde datum van totstandkoming, indien enige.<sup>54</sup> Die verteenwoordiger van die LLP vir betekeningdoeleindes moet 'n inwoner van die staat waar die vennootskap geregistreer wees of moet 'n persoon wat gemagtig is om sake in die betrokke staat te mag doen, wees.<sup>55</sup>

Die LLP kom totstand op die datum van liassering van die verklaring van kwalifikasie of die datum wat in die verklaring vermeld word<sup>56</sup> en bly sodanige LLP, ongeag enige verandering in die vennootskap, totdat dit gekanselleer word ingevolge artikel 105(d) of herroep word ingevolge artikel 1003 van die *Uniform Partnership Act* 1997.<sup>57</sup>

Die status van die vennootskap as 'n LLP en die aanspreeklikheid van die vennote word nie geraak deur foute of latere wysigings van die inligting wat in die verklaring van kwalifikasie ingevolge artikel 1001(c)(1)-(5) van die *Uniform Partnership Act* 1997 vereis word nie.<sup>58</sup>

Die liassering van die verklaring van kwalifikasie dien as bewys dat die vennootskap aan al die vereistes wat gestel is vir 'n LLP voldoen het.<sup>59</sup> Enige wysiging of kansellering van die verklaring van kwalifikasie tree in werking wanneer dit geliasseer word of op die uitgestelde datum soos bepaalde in die wysiging of kansellering.<sup>60</sup>

Die liassering van die nodige dokumente en die betaling van die voorgeskrewe fooie,<sup>61</sup> is egter nie noodwendig voldoende om 'n LLP daar te stel nie. In verskeie state, soos byvoorbeeld Delaware en Texas, word verdere vereistes gestel soos byvoorbeeld dat LLPs oor bepaalde versekering moet beskik of 'n minimum finansiële vermoë moet hê.<sup>62</sup>

## 6. Jaarlikse verslag

Sommige state, soos byvoorbeeld Arizona, Iowa, Kansas, Louisiana, Texas en Utah, vereis jaarlikse liassering van 'n verslag, terwyl ander state, soos New Mexiko, New Jersey en Washington, glad nie sodanige vereiste stel nie.<sup>63</sup>

---

52 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(3); Bishop 1997:105; Keatinge *et al* 1995:165.

53 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(4); Bishop 1997:105; Keatinge *et al* 1995:164.

54 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(5); Keatinge *et al* 1995:164.

55 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(d).

56 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(e).

57 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(e).

58 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(f).

59 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(g).

60 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(h).

61 Sien Keatinge *et al* 1995:169.

62 Goforth 1996:1146; Hamilton 1996:1075; Keatinge *et al* 1995:170.

63 Goforth 1996:1145; Keatinge *et al* 1995:167.

Waar 'n LLP jaarliks 'n verslag<sup>64</sup> by die bepaalde amptenaar moet indien, moet dit die volgende inligting bevat:<sup>65</sup> die naam van die LLP en die staat waar die vennootskap opgerig is;<sup>66</sup> die straatadres van die vennootskap se hoofkantoor en indien dit verskil, ook die straatadres van die vennootskap se verteenwoordiger in die staat waar die vennootskap geregistreeer word;<sup>67</sup> en indien die vennootskap nie 'n kantoor in die staat van registrasie het nie, moet die naam en straatadres van die verteenwoordiger vir doeleindes van betekening verskaf word.<sup>68</sup> Indien die verslag nie tydig ingedien word nie of indien die vereiste liasseringsfooi nie betaal is nie, mag die amptenaar die verklaring van kwalifikasie herroep nadat die vennootskap ten minste sestig dae geskrewe kennis van die beoogde herroeping ontvang het.<sup>69</sup> Die kennisgewing moet aan die adres wat in die laaste geliasseerde verklaring voorkom, gestuur word.<sup>70</sup> Die kennisgewing moet dit duidelik stel dat die jaarlikse verslag nie geliasseer is nie, die fooi wat nie betaal is nie en die datum van inwerkingtreding van die herroeping.<sup>71</sup> Die herroeping sal nie van krag wees indien die verslag geliasseer of die uitstaande fooie betaal is voor die datum van inwerkingtreding van die herroeping nie.<sup>72</sup> Die herroeping raak slegs die status van die vennootskap as 'n LLP en het nie die ontbinding van die vennootskap tot gevolg nie.<sup>73</sup> Indien 'n vennootskap se verklaring van kwalifikasie herroep is, kan binne twee jaar na die inwerkingtreding van die herroeping, aansoek gedoen word vir die herinstelling van die verklaring van kwalifikasie.<sup>74</sup> Die aansoek moet die naam van die vennootskap en die datum van herroeping van die verklaring bevat asook die rede vir die herroeping nie bestaan nie of reggestel is.<sup>75</sup> 'n Herinstelling tree in werking op die datum van herroeping het derhalwe tot gevolg dat die vennootskap as 'n LLP beskou word asof die verklaring nooit herroep is nie.<sup>76</sup> Dit hou in dat die vennote se beperkte aanspreeklikheid geensins deur die herroeping van die verklaring van kwalifikasie geraak word nie.<sup>77</sup>

---

64 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(b).

65 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a).

66 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a)(1).

67 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a)(2).

68 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a)(3).

69 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(c).

70 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(c).

71 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(c).

72 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(c).

73 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(d).

74 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(e).

75 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(e)(1) en (2).

76 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(f).

77 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:119.



## 7. Jurisdiksie ten aansien van interne verhouding en aanspreeklikheid

'n LLP mag nie die reg van 'n ander staat aanwys om die interne verhouding en die aanspreeklikheid van die vennote te beheers as dié van die staat waar die vennootskap se verklaring geregistreer is nie.<sup>78</sup> Die vennote kan dus nie in die vennootskapsoreenkoms die jurisdiksie ten aansien van interne verhoudinge en aanspreeklikheid teenoor derdes verander nie en kan dit ook nie verander deur 'n verklaring in 'n ander staat te registreer nie.<sup>79</sup>

## 8. Beperkte aanspreeklikheid

Die *Uniform Partnership Act* 1997 verander die klassieke gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van gewone vennote drasties na vennootskapsaanspreeklikheid in die geval van LLP.<sup>80</sup> Die aanspreeklikheid vir 'n verpligting opgedoen deur die LLP is die aanspreeklikheid van die vennootskap self<sup>81</sup> en nie dié van die vennote nie, ongeag of die verpligting voortspruitend uit kontrak, delik of andersins. 'n Vennoot, soos aandeelhouers en lede van LLCs, is nie persoonlik aanspreeklik, direk of indirek, by wyse van bydrae of andersins, vir sodanige verpligting bloot op grond van lidmaatskap nie.<sup>82</sup> Enige toekomstige persoonlike aanspreeklikheid wat uit die vennootskapsoreenkoms spruit wat gegeld het voor die registrasie, word deur die registrasie in terme van artikel 306(c) negeer. Dit raak egter nie enige verpligtinge ten aansien van spesifieke kapitale bydraes wat die vennoot opgedoen het voordat die verklaring geregistreer is en die vennootskap derhalwe nog 'n gewone vennootskap was, bly van krag en die vennoot sal steeds aanspreeklik vir sodanige

---

78 *Uniform Partnership Act* 1997 103(b)(9) en 106(a) en (b):

103(b) The partnership agreement may not:

(9) vary the law applicable to a limited liability partnership under Section 106(b); 106(a) Except as otherwise provided in subsection (b), the law of the jurisdiction in which a partnership has its chief executive office governs relations among the partners and between the partners and the partnership.

(b) The law of this State governs relations among the partners and between the partners and the partnership and the liability of partners for an obligation of a limited partnership.

79 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:27.

80 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:45.

81 Hamilton 1998:28.

82 *Uniform Partnership Act* 1997 a 306(c):

An obligation of a partnership incurred while the partnership is a limited liability partnership, whether arising in contract, tort, or otherwise, is solely the obligation of the partnership. A partner is not personally liable, directly or indirectly, by way of contribution or otherwise, for such an obligation solely by reason of being or so acting as a partner. This subsection applies notwithstanding anything inconsistent in the partnership agreement that existed immediately before the vote required to become a limited liability partnership under Section 1001(b).

bydrae wees ongeag die feit dat die vennootskap na registrasie 'n LLP is.<sup>83</sup> Waar daar egter 'n verpligting vir die vennote ontstaan by ontbinding en likwidasie van die vennootskap om 'n bydrae te lewer, sal 'n vennoot in 'n LLP na registrasie van die verklaring nie vir sodanige bykomende bydrae aanspreeklik wees nie.<sup>84</sup> Hoewel die vennoot dus geen persoonlike aanspreeklikheid vir die verpligtinge van die vennootskap kan opdoen nie, kan vennoot se belang in die vennootskap wel ter sprake kom, maar geen verdere aanspreeklikheid nie. Die vennote deel steeds in die verliese deur die vennootskap gelyk deurdat die vennootskapsbates onbeperk aangewend word vir die betaling van die verpligtinge van die vennootskap.<sup>85</sup>

Die vennoot sal egter steeds, soos aandeelhouers en lede van LLCs, persoonlik aanspreeklik wees vir eie persoonlike wangedrag.<sup>86</sup> 'n Onderskeid word getref tussen skade en die kousale gedrag. Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend. Dit sal voorkom dat die vennote in 'n vennootskap wat op 'n onregmatige wyse optree, deur die liassing van 'n verklaring voorkom dat die vennote persoonlik en middelike aanspreeklikheid opdoen vir toekomstige skade deur die onregmatige handeling voor registrasie.<sup>87</sup>

## 9. Slotwoord

Dit wil tog lyk asof die beperking op die persoonlike aanspreeklikheid van sommige vennote in 'n gewone vennootskap 'n drastiese verandering te weeg bring en kan selfs gereken word dat 'n nuwe ondernemingsvorm hierdeur geskep is.<sup>88</sup>

Die voortdurende ontwikkeling in die Amerikaanse ondernemingsreg bied 'n onuitputbare bron vir die Suid-Afrikaanse regshervormer. Die Suid-Afrikaanse beslote korporasie voldoen in 'n groot mate aan die behoefte vir beperkte aanspreeklikheid, maar die LLP kan beperkte aanspreeklikheid vir byvoorbeeld professionele persone in 'n vennootskap bied. Dit is 'n vennootskap wat eenvoudig en goedkoop is om op te rig, maar die voordeel van beperkte aanspreeklikheid inhou. Die invoering van die LLP in die *Uniform Partnership Act 1997* verdien ongetwyfeld die toegewyde aandag van regshervormers wat 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg wil lewer.

---

83 *Uniform Partnership Act 1997* a 306(c) en Comment:45.

84 *Uniform Partnership Act 1997* a 401, 807(b) en Comment:53.

85 *Uniform Partnership Act 1997* Comment:53; Hamilton 1998:28; Keatinge *et al* 1995:187.

86 *Uniform Partnership Act 1997* Comment:45.

87 *Uniform Partnership Act 1997* Comment:45.

88 Hamilton 1998:28.

## Bibliografie

- ANONIEM**  
1994. NY passes LLC/LLP Bill (News and Views). *The CPA Journal*: 64 Mei.
- BADER MB EN HAUFF DJ**  
1996. Registration and operation of North Dakota and Minnesota limited liability partnerships. *North Dakota Law Review* 72.
- BISHOP CG**  
1995. The Uniform Limited Liability Company Act: Summary & analysis. *The Business Lawyer* 51 1.  
1995a. Unincorporated Limited Liability Business Organizations: Limited Liability Companies and Partnerships. *Suffolk University Law Review* 29.  
1997. The limited liability partnership amendments to the Uniform Partnership Act (1994). *The Business Lawyer* 53(1):101.
- BROWN PT**  
1995. Liability and basis issues concerning LLC(S)/LLP(S). *The CPA Journal* 65 Maart.
- BRYANS HS EN SHIELDS RE**  
1995. Registered limited liability partnerships for the practice of law in Pennsylvania. 66 *Pennsylvania Bar Association Quarterly* April.
- FREEDMAN J EN FINCH V**  
1997. Limited liability partnerships: have accountants sewn up the "deep pockets" debate? *Journal for Business Law* September.
- GOFORTH CR**  
1996. Limiting the liability of general partners in LLPs: an analysis of statutory alternatives. *Oregon Law Review* 75.
- HAMILTON RW**  
1995. Registered limited liability partnerships: present at the birth (nearly). *University of Colorado Law Review* 66.
1998. *Cases and materials on corporations including partnerships and limited liability companies*. 6de uitg. St Paul: West Group.
- HENNING JJ & SNYMAN E**  
1997. Revision of the law of partnership in the United States of America: a commendable precedent? *South African Law Journal* 114:4.
- HILLMAN RW EN ANDERE**  
1996. *General and limited liability partnerships under the Revised Uniform Partnership Act*. St Paul: West Publishing Co.
- KEATINGE RR EN ANDERE**  
1995. Limited liability partnerships: the next step in the evolution of the unincorporated business organization. *The Business Lawyer* 51 November.
- MORRIS P EN STEVENSON J**  
1997. The Jersey limited liability partnerships: a new legal vehicle for professional practice. 60 *The Modern Law Review* Julie.
- MCGAUGHEY MS**  
1996. Limited liability partnerships: need only professionals apply? *Creighton Law Review* 30.
- MCLAIN JA**  
1997. Limited liability partnerships. *The Alabama Lawyer* Julie.
- MCWILLIAMS MC**  
1998. Limited liability law practice. *South Carolina Law Review* 49.
- PIERCE GPL EN LEVEY JS**  
1997. Financing and leasing issues affecting LLCs and LLPs (with form). *The Practical Real Estate Lawyer* Julie.
- SHEIKH S**  
1997. Limited liability partnerships: a new trading vehicle? *ICCLR* 8.